In die gejaagdheid waarin ons leef is dit baie maklik om klein dingetjies nie meer raak te sien nie. Een van daardie klein dingetjies vir my, is ‘n glimlag.

Partykeer besef ons dalk nie watter krag daar in ‘n glimlag lê nie.

Dit is een van die beste kommunikasie middele tot ons beskikking

Ek het ‘n storie gehoor van ‘n sendeling-verpleegster wat in ‘n hospitaal in Bangladesh gewerk het. Sy was ‘n hele tyd van die huis af weg en toe het haar ma besluit om vir haar te gaan kuier. Elke dag het die ma saam met haar dogter na die hospitaal gegaan om als daar self te beleef en pasiënte te besoek.

‘n Ruk nadat die ma terug was in SA het sy vir haar dogter ‘n brief geskryf en gevra of sy dink dat die pasiente wat sy besoek het haar sou onthou.

Die dogter se antwoord was: Natuurlik onthou hulle ma. Hulle sê ma het baie geglimlag….Hierdie vrou kon nie ‘n woord met die pasiënte praat nie maar sy kon in hulle taal vir hulle glimlag!!!!!

Ek het ook gehoor dat party mense beweer dat Jesus nooit geglimlag het nie. Ek kan dit skaars glo. Ons lees in Luk 18 vanaf vers 15 *“Die mense het hulle kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy hulle net sal aanraak. Die dissipels het gesien wat aangaan en die mense voor stok gekry. Jesus het egter die kindertjies nadergeroep en gesê Laat die kindertjies toe om na My toe te kom, en moet hulle nie keer nie, want die koningsheerskappy van God behoort aan sulkes.”*

Ons weet almal dat kindertjies van ‘n nors persoon met ‘n stroewe gesig sal wegskram en het nou gelees dat ouers hulle kinders na Jesus toe gebring het sodat Hy aan hulle kon aanraak. Toe die dissipels hieroor kwaai raak, het Jesus hulle gestop en self die kindertjies na hom toe geroep.

‘n Glimlag het ook nie ‘n ouderdomsbeperking nie. Ek het self al gesien hoe Estelle ‘n goeie vriendin van my se sussie se babadogtertjie se gesiggie ophelder wanneer Estelle nader kom want Estelle glimlag altyd.

Selfs ouer mense – Ek het ‘n ruk terug voor die koffierak in die Pick &Pay gestaan toe ‘n bejaarde oom langs my kom staan. Ek het hom met ‘n glimlag gegroet en die oom se gesig helder dadelik op hy begin toe met my praat soveel so dat ek toe op die ou end vir hom ‘n pakkie koffie moes kies om te koop.

Ons lees ook in Genesis 21 van die geboorte van Isak
"Die Here het vir Sara gesorg en sy belofte aan haar nagekom. Sara het swanger geword en vir Abraham in sy ouderdom 'n seun gegee. Dit het gebeur op die bestemde tyd soos God beloof het. Abraham het sy seun Isak genoem. Agt dae na Isak se geboorte het Abraham hom besny soos God hom beveel het. Abraham was toe 100 jaar oud."

Sara het gejuig: "*God het my laat lag van vreugde! Almal wat dit hoor, sal saam met my lag. Wie sou kon droom dat ek ooit 'n kindjie sou hê? Tog het ek op sy oudag vir Abraham 'n seun gegee."*

Daar is ook 'n pragtige gedeelte in Psalm 126: 1-3 *"Toe die Here die bannelinge teruggebring het na Sion toe, was dit soos 'n droom. Ons het gelag en van vreugde gesing. Die ander nasies het gesê: "Die Here het groot dinge vir hierdie mense gedoen." "Die Here het groot dinge vir ons gedoen en ons is vol vreugde!"*

Nou ja, ek het vir jou huiswerk. Gaan staan die komende week een of ander tyd voor die spieël. Los maar eers die skeermes, haarborsel of lipstiffie. Sit jou gewone gesig op sê – Dis wat mense gewoonlik sien as hulle na my kyk.

Glimlag dan vir jouself en sien raak wat ander sien –

Nou is daar 'n glans in jou oë, die hoeke van jou mond is sag en trek op in 'n glimlag eerder as wat hulle stroef opmekaar gepers is. En ja jy lyk meer gelukkig, vriendelik en pragtig!

Ek sluit met 'n paar aanhalings af:

"A smile confuses an approaching frown."
"A smile is a curve that sets everything straight.""
"Before you put on a frown, make absolutely sure there are no smiles available."
"If you smile when no one else is around, you really mean it."
"I've never seen a smiling face that was not beautiful."
"A laugh is a smile that bursts."
"Smile - sunshine is good for your teeth."
"A smile is the light in the window of your face that tells people you're at home."
Smiling is infectious; you can catch it like the flu. Someone smiled at me today, And I started smiling too."

Ek wil jou uitdaag om vandag of môre of die een of ander tyd deur die dag vir 'n vreemdeling te glimlag. Wie weet miskien is dit die enigste sonskyn wat daardie persoon die hele dag sien.

Adri Vermeulen
Julie 2007

Teksgedeeltes aangehaal uit *Nuwe Lewende Vertaling*